



Week 16

Fokus



Teksvers



"Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus."

Galasiërs 6:2

erken Sy plan met die wereld: 'n plan wat insluit dat Jesus Christus 'n nuwe Koninkryk op aarde kom vestig het, en ons wat reeds deel is van hierdie Koninkryk wil graag die wil van ons Here uitvoer.

Regdeur die gebed val die klem op "ons" wat saam bid vir "ons" daaglikse brood, ons oortredinge en ons versoekings. Sommer uit die staanspoor leer Jesus ons om nie individueel / selfsugtig te bid nie. Tans sit Jesus Sy gebede voort, en dis alles gebede ter wille van ons [Hebreërs 7:25 & Romeine 8:34]. Nou word ons genooi om deel te neem aan Jesus se wonderlike werk van voorbidding. Soos jy hierdie teksvers memoriseer, nooi ek jou om die volgende ritme hierdie week te volg:



Leerplan

Maandag - Memoriseer hierdie teksvers, en vra die Heilige Gees watter mense jy ken wat tans swaar laste moet dra. Oorweeg elkeen se situasie en vra die Heilige Gees wat jy vir daardie persone kan bid, en op watter manier kan jy hulle laste help dra.

Dinsdag - Memoriseer hierdie teks, en dink aan die laste wat jy tans moet dra. Plaas hulle in die Here se hande en oorweeg met wie jy jou laste kan deel vandag – wie sal saam met jou bid?

Woensdag - Memoriseer hierdie teks, en neem die gemeentelike nuusbrief: die Familienuus, en bid vir elke persoon op die siekelys by naam soos die Gees jou lei.

Donderdag - Memoriseer hierdie teks, en dra ons land, sy leiers, en sy mense se laste aan die Here op – maar doen dit in simpatie en medelye en 'n gesindheid van solidariteit met die 60 miljoen inwoners van Suid-Afrika.

Vrydag tot Sondag - Soos jy die vers hersien, wees bewus van die feit dat mense in gesprekke dikwels wenke los oor laste wat hulle dra: leer om sensitief te raak vir daardie laste, en hulle dadelik deur gebed te help dra.

Vrae vir bespreking



1. Lees weer die Onse Vader gebed: kyk hoeveel keer kom die woord "ons" voor, en kyk hoeveel keer kom die woord "ek/my" voor. Wat lei jy hieruit af?
2. Dink terug aan jou eie lewe tot hier toe: watter mense was jou voorbidders? Hoe voel jy oor hul "belegging" in jou lewe? Het jy hulle al dankie gesê?
3. Hoe belangrik is die wonderlike werk van voorbidding in jou eie gebedslewe? Glo jy dat jou gebede 'n verskil maak?
4. Die memoriseer-teks verwys na die wet van Christus. Lees dit weer in Matteus 22: 37-40. Hoe is laste dra en voorbidding verbind aan hierdie wet van Christus? Kan jy sê dat jy ander liefhet indien jy nie vir hulle bid en hul laste help dra nie?
5. Kyk na die polsslake wat hierbo aangeheg is. Hoe is elkeen van hulle verbind aan die inhoud van hierdie vers?